Verjaarsdae

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Bester	Juandré	05/13	023 312 2210	27823058177
Rabe	Anria	05/13		27718775678
De Klerk	Daniël	05/14		27824981463
Ellis	Zanél	05/14		
Van der Walt	Nelius	05/14		27848400469
Spamer	Ansie	05/15		27834555372
Van Jaarsveld	Karin	05/15		27824525851
Crous	Boelie	05/16	023 312 1426	
Du Toit	Mienka	05/16		
Joubert	Susie	05/17	023 312 1304	27834449767
Jonker	Heidi	05/18		27846909828
Nel	Callie	05/18	023 312 1393	27824922330
Du Toit	Karlien	05/19		

BEESKERRIE & RYS

Vrydag, 25 Mei vanaf 12:00 by Ceresvallei kerksaal te koop teen R30.
Bestellings by die kerkkantoor en Madelein (082 558 3871).

NG Kerk P.A. Hamlet Basaar

Saterdag 19 Mei om 9:00?. Daar is vleis, wegneem etes, potjiekos, pannekoek, poeding, terte, pasteie, groot koeke, beskuit, brood, teetuin, klein koekies en speletjies te koop. Kontak die kerkkantoor vir meer inligting. Beaulah du Toit, Saakgelastigde, NG Kerk PA Hamlet, Tel: 023 313 3694, Fax: 086 669 2355

SANGAAND SAAM MET MATHYS ROETS

Datum: 17 Mei 2018
Tyd: 20:00
Plek: Moedergemeente Kerksaal
Prys: R100
Kaartjies beskikbaar by Huis Maudie Kriel!
Ons nooi almal om lekker saam te kom sing en kuier!

Kaylene Baartman, **Administratiewe klerk, ACVV Huis Maudie Kriel, Van Riebeeckstraat 25 Ceres 6835, Tel: 023 312 1950**

Nederduitse Gereformeerde Kerk Ceresvallei

Pastorie: Vosstraat 61, Ceres 6835 Tel: 023 312 1437
Kantoor: H/V Porter en Vosstraat, Posbus 67, Ceres 6835 (T) 023 312 1602
(F) 086 604 4260, (E-pos) ngkceresval@telkomsa.net
Skriba: Marizelle Louw 073 144 2445
Koster: Cobus Rossouw 082 977 8369
LET WEL: Die Bulletin is ook beskikbaar op die webwerf by www.ngkceresvallei.co.za.
BANKBESONDERHEDE: ABSA Ceres, Tjekrekening nr 350580026

Bulletin 13 Mei 2018

Welkom by vandag se erediens

Vandag

Teks: Deutr. 8
Tema: God se roetekaart
Spesiale Offer: Maudie Kriel

KALENDER CERESVALLEI: 13 MEI tot 19 MEI.

PINKSTER:

Vandag, 13 Mei	God se Roetekaart - Ds Frankie Vanaand: Ruimtes/Lidmate na "Bovertrek" - Ruimtes kan saam of op hul eie tuis stil word. (Hand. 1:12-14)
Maandag, 14 Mei	**19:00-20:00** God se plan - Ds Frankie (Jona 1:1, 3:4, 10)
Dinsdag, 15 Mei	**19:00-20:00** Jona se plan - Ds Frankie (Jona 1:3, 4: 3,9)
Woensdag, 16 Mei	**19:00-20:00** Genade se ander kant - Ds Frankie (Jona 2-3)
Donderdag, 17 Mei	**19:00-20:00** Hartsgesprek: God & Jona - Ds Frankie (Jona 4)
Vrydag, 18 Mei	**18:30-20:30** Strategiese gesprek-Ceresvallei - Coen Scholtz Almal is welkom
Saterdag, 19 Mei	**09:00-16:00** Strategiese gesprek: God se plan vir ons! - Coen Scholtz
Sondag, 20 Mei	**09:30** PINKSTERFEES - Coen Scholtz

Voorbidding

SIEKES:

Cathy Fredericks, Danie v/d Merwe, Joey Kotze, Willie van Staden, Christa Pelser Taljaard, Sanet Terblanche, Jannie Taljaard.

VAKATURE BESKIKBAAR:

Laerskool F.D. Conradie (Prince Alfred Hamlet) is opsoek na 'n opvoeder vir vroeëkindontwikkeling (3-4 jariges) by die voorskoolsentrum. Rig enige navrae aan die skoolhoof (084 583 3407).

God se roetekaart.

Wanneer ons 'n reis beplan, weet ons die volgende: wat die bestemming is, die pad na die bestemming, hoe ver dit is, hoe lank die reis gaan neem, wat die koste gaan wees, van watter tipe vervoer ons gebruik gaan maak, ens. Ons kan alles haarfyn beplan en so goed as moontlik vir die onvoorsiene ook voorsiening maak. Dié beplanning kan ons op ons eie doen. Ons kan as ons wil vir iemand wat reeds dié of 'n soortgelyke reis onderneem het, raad vra, maar dit is ook nie absoluut noodsaaklik nie. 'n Lewensreis werk nie presies so nie. 'n Mens kan jou drome hê van wat eendag wil word en 'n idee hê van wat jy alles nodig het om daar uit te kom, maar daar is eenvoudig baie dinge wat jy nie weet en/of waaroor jy beheer het nie.

So is dit ook met die geloofsreis van 'n gemeente. Ons kan 'n fyn uitgewerkte visie van ons bestemming hê, maar hoe die pad daarheen lyk en wat dit alles inhou, weet ons nie vooraf nie. Die Bybel herinner ons dat ons heel eerste moet seker maak of ons op die **regte pad is (=**God se pad vir ons elkeen) (Jak 4:17) dat ons 100% van God **af-hanklik** moet wees (Matt 5:3) en dat ons die lewensreis nadat ons reg aan die begin doodseker gemaak het dat ons op God se pad is, as 'n **dag-projek** moet aanpak. Omdat elke dag sy uitdagings het, moet ons ons nie vandag al verknies oor môre s'n nie. (Matt 6: 25-34).

Die Bybel het mooi verhale wat geloofsreise beskryf. Een daarvan is die reis uit Egipte na die Beloofde land - ongeveer 240km ver, as jy met die hoofpad langs beweeg. Met ander woorde so 2 1/2 uur per motor (teen 100km/uur) of so net meer as 3 weke as jy stap (teen ongeveer 11km/dag). Vir die Israeliete het dié reis 40 jaar geduur. Hoekom so lank? Want God het hulle langs 'n ompad gevat en op dié pad wou Hy hulle gereedmaak vir wanneer hulle by hul bestemming (=Beloofde land) aankom. Deuteronomium 8 beskryf die reis. Dit was 'n woestynreis vol swaarkry en risiko's. Die Here het 40 jaar nodig gehad om hulle die volgende te leer: gehoorsaamheid, afhanklikheid, dissipline en dankbaarheid.

In die proses het hulle baie foute gemaak, maar in sy genade het die Here hulle gehelp om uit hul foute te leer. Toe die 40 jaar verby is, het God hul onder nuwe leierskap die Beloofde land ingelei. In die terugkyk op die pad het dit toe eers vir hul duidelik geword dat God se pad die beste pad was.

Wat leer ons as gelowiges/gemeente uit die verhaal terwyl ons tans besin oor die verdere pad wat die Here met ons wil loop. Is dit 'n vinnige reguit pad? Weet ons presies hoe die pad loop? Is my idee van die pad die regte een. Onthou: al wat ons weet, is dat God ons na die land van Belofte lei (=bestemming). Daarvan kan en moet ons seker wees. Hier waar ons nou staan, weet ons nie hoe die pad vorentoe presies lyk en waarlangs dit loop nie. Ons sal dit saam knieë langs moet soek. Terwyl ons tree vir tree daarop loop, sal God ons leer hoe. Is ek en jy bereid om die reis só aan te pak?

Besprekingsvrae:

1. Wat leer ons uit Deutr. 8 vir hoe ons die pad vorentoe moet loop.

Spesiale gebedsversoek beroepingsproses:
Liewe Gemeente, ons herinner julle om asb elke dag tussen 1 en 2 te bid vir gemeente en beroepingsproses: dat ons Sy Koninkryk sal dien, nie ons eie; in afhanklikheid van God sal funksioneer; Hy aan ons Sy droom/visie vir gemeente duidelik sal openbaar; voorbereiding van harte en denke van elke gemeentelid; wysheid en beskerming vir leiers; vir Coen Scholtz wat Vrydag en Saterdag se gesprek lei.

Pinkster Sop en Brood 2018

Ruimtes word vriendelik versoek om te help met die maak van sop en brood wat tydens Pinkster na die diens in die kerksaal bedien word. Sien asb die rooster hieronder. Aangesien daar nie genoeg ruimtes is wat aangedui het dat hulle sal help nie, moes ek ook diegene inspan van wie ons nie terugvoer via die vorm gekry het nie. Ek vertrou dit is in orde. Hierdie inligting is ook na die kommunikasieagent van elke ruimte gestuur. Sop moet asb. warm na die saal gebring word en deur die Ruimtes self bedien word. Bakkies en lepels sal uitgesit wees. Enige soort sop sal lekker wees. BAIE DANKIE AAN ALMAL!

		Ruimteleier en hoeveelheid
14 Mei	Sop	15 liter: Piet Nieuwoudt 5 liter : Piet Bester 5 liter : Louis Reynolds
	Brood	Hennie Spamer jr. 6 x brode
15 Mei	Sop	15 liter : Jean Jv Rensburg 10 liter : Pietie Deetlefs
	Brood	Stefan Steyn 6x brode
16 Mei	Sop	10 liter : Melanie Kershoff 10 liter : Ockert Erasmus 5 liter: Heinie Joubert
	Brood	Elsa Burger x 6 brode
17 Mei	Sop	10 liter : Danie van Coller 15 liter : Johan du Plessis
	Brood	Oom Hennie Spamer x 6 brode

Gesprek oor die moontlike verbreding van samewerking tussen Ceresvallei en Ceres Moeder-gemeente op Maandag, 23 April.

Met die aankondiging van ds Gerber se aftrede op DV 31 September 2018 het die Gemeenteraad van Ceresvallei besluit om alle moontlike voorstelle met die oog op die pad vorentoe te ondersoek. Gemeentelede is genooi om deel te neem en met voorstelle vorendag te kom. Die volgende voorstelle is ontvang:

1. **Beroeping** van nuwe leraar.
2. **Samewerkingsooreenkoms** met Moedergemeente.
3. **Samesmelting** met Moedergemeente.
4. **Kontrakpos** vir bepaalde termyn met 'n predikant met 'n spesifieke opdrag.
5. **Brugleraar** vir bepaalde termyn terwyl gesprek met Moedergemeente aan die gang is (indien opsie 2 of 3 ter sprake is) of toerusting en mobilisering (indien opsie 1 gekies word).
6. **Kombinasie** van bogenoemde opsies.

Ceresvallei beplan 'n gemeentevergadering vir later in Mei waartydens die voorstelle bespreek sal word om met konsensus tot 'n keuse te kom. Met die oog op dié vergadering is 'n gesprek met die dagbestuur van Moedergemeente aangevra om die moontlikheid van groter samewerking eers met hulle te toets alvorens ons as gemeente dit as 'n moontlike opsie bespreek. Vir etlike jare werk ons twee gemeentes immers reeds goed saam (Paasnaweek, Junie/Julie vakansies, Hemelvaart, Kerssangdiens en vroeër die jaar het ons saam gekamp) In 'n openhartige en goeie gees is gedagtes deur afgevaardigdes gewissel. ***Eenparig is besef dat voortgesette en breër samewerking tussen die twee gemeentes vir beide gemeentes groot voordele inhou.*** Die vergadering van die twee Dagbesture besef egter dat in die lig van die verkennende aard van die gesprek, enige besluitneming, eers kan geskied nadat die onderskeie kerkrade geraadpleeg is. **Indien Ceresvallei wel tydens die beplande gemeentevergadering 'n keuse vir groter samewerking maak, sal 'n formele gesprek tussen die twee gemeentes begin. Beide Kerkrade/gemeentes sal dan ten gunste van die saak moet stem en daarna sal 'n proses begin waarin die HOE van groter samewerking saam uitgewerk word. So 'n proses sal met omsigtigheid en deursigtigheid bestuur word terwyl die werksaamhede van beide gemeentes normaal voortgaan. Indien voorstel 1, 4-5 ter sprake is, sal Ceresvallei die beroepingsproses onmiddellik op hul eie voortsit. Indien voorstel 3 die keuse is, vind die beroepingsproses in oorleg met Ceres Moedergemeente plaas.** Kom ons bid saam vir wysheid vir die pad vorentoe. Mag ons ook soos die eerste gemeente in Jerusalem sê: " **die Heilige Gees en ons het saam besluit** …" (Hand 15:28).

Swot Analise

Sterk Punte / Strengths	Swak Punte / Weaknesses
Geleenthede / Opportunities	Bedreigings / Threats